



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MEI 2014 Nr 40

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Korter is beter

Die kortste toespraak, met seker die grootste uitkoms in die geskiedenis, was heel moontlik Lincoln s'n in Gettysburg. Dit was korter as drie minute. Dit het uit 269 woorde bestaan. Die hoofspreek was Edward Everett - sy toespraak was 13 600 woorde en twee uur lank. Hy het na die tyd self opgemerk dat Lincoln meer suksesvol was op dié dag as hyself met sy uitgebreide lesing oor die feite van die oorlog en die Amerikaanse geskiedenis. Ek het gewonder oor my eie preke. Kan ek nie dalk meer bereik deur minder te sê nie?

Skye Jethani, van Wheaton in Illinois, Amerika skryf onlangs oor lang en kort preke. Hy meen dat ons meestal besig is met ons en die gemeente se verwagtings en dat dit ons noodsaak tot lang verduidelikings, lang en mooi verhale (stories) wat niks meer as dit is nie – lank en mooi. Omdat ons hierdie een geleentheid in die week soms oorskakel, wil ons alles doen, verduidelik, motiveer, troos en leer. Soms is ons oortuig die gehoor hoor nie en herhaal ons dieselfde temas oor en oor. Hierdeur bereik ons presies die teenoorgestelde, hoe langer – hoe minder aandag en die druk om net nog een keer te verduidelik.

Wat op 19 November 1863 in Gettysburg gebeur het, kan ons dalk meer help. Everett se breedvoerige uitleg van die geskiedenis en die oorlog, téénoor Lincoln se kort en kragtige betekenis, weergee die lesse deur die oorlog geleer en die hoop vir die toekoms. Sou dit ons nie geweldig help as ons deurgaans die essensie van vandag se boodskap in so min as moontlik woorde probeer definieer nie? Die uitkoms is dat ons dit beter verstaan en die gemeente saam met ons neem. Ons wil sê wat God sê. Eintlik sê ons net bewend agterna wat Hy in Sy Woord sê. Het ons so baie woorde nodig om weer te sê wat Sy Woord duidelik sê?

Jesus se bergrede (Matteus 5) is korter as 20 minute. Jy kan dit toets.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029.

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede. Daar is aan almal op die registrasielys 'n 2de e-pos gestuur – diégene wat nog nie bevestig het nie, moet asseblief so maak. Indien u nie die e-pos ontvang het, kan u my by shepherd@ufs.ac.za kontak.

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Module 1 en 2 – Kamer 120. Module 3 (Dag 1 en 2) – Kamer 21

Dag 1: 10:00 – 17:00

Dag 2: 09:00 – 17:00

Dag 3: 09:00 – 13:00

Nege modules oor 3 jaar versprei:

Jaar 1: 2014

Mod 1	17 – 19 Junie	Aanbieders: Dr Gerhard Botha/Prof Rian Venter <i>Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan</i>
Mod 2	15 – 17 Sept	Aanbieder: Prof Kobus Schoeman <i>Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?</i>
Mod 3	17 – 19 Nov	Aanbieder: Prof Rian Venter <i>Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie</i>

24 – 26 JUNIE 2014: KORT KURSUS IN KONFLIK- OPLOSSING: 'N PASTORALE PERSPEKTIEF

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

Tyd: 08:30 – 16:00

Koste: R2 200pp (sluit verblyf en etes uit) - **20 VBO-punte**

Registrasie: SMS D31741, u naam en e-posadres na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.